**DINSDAG 14 APRIL**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 17:1-15 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 17:8, 9**

**Die Here bewaar ons soos 'n oogappel**

Dit is so al asof Dawid die laaste bede van die "Onse Vader"-gebed bid: "Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose." Dawid roep die Here aan dat Hy 'n regverdige saak moet aanhoor. Hy sê vir die Here dat hy die Here se kind is; dat hy die pad loop wat 'n kind van die Here behoort te loop. Hy vermy die pad van die geweldenaar en hou vas aan die Here se spore. Hy roep die Here aan.

Hy soek beskerming by die Here. Hy sê daar is vyande, goddeloses wat hom geweld wil aandoen. Die mens het drie doodsvyande, naamlik die duiwel, die wêreld en die eie sondige natuur van die mens. Hulle is gevoelloos en hoogmoedig. Elkeen van die vyande is soos 'n brullende leeu wat soek wie hy kan verslind (1 Pet 5:8). Die mens is so swak in homself dat hy geen oomblik staande kan bly nie.

"Bewaar my soos 'n oogappel", vra Dawid. Die oogappel of pupil is seker een van dié liggaamsdele wat ek die meeste beskerm. Ek knip nie net my oë as iets nader kom nie, maar ek gebruik byna outomaties my hande om beskerming te bied. Dawid vra ook dat die Here hom sal beskerm soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke beskerm (vgl. Matt. 23:37). As die Here ons bewaar, sal ons oorleef en oorwin.

Die Here doen dit inderdaad ook. As Vader sorg, regeer en onderhou Hy. As Seun verlos Hy ons van ons sondenood; het Hy die mag van die dood oorwin en is Hy besig om die duiwel se kop te vermorsel. Ná sy hemelvaart regeer God deur Hom wat ons met God versoen het.

Deur God se Gees wat in ons woon, verlig Hy ons harte en rus Hy ons toe met die wapenrusting van God (Ef. 6:10-20) sodat ons staande kan bly "en sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie (sal) beswyk nie totdat ons eindelik die oorwinning ten volle behaal" (HK Sondag 52).

*Sing: Psalm 7:1, 6*
*Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)*